Teks: Hand 4:10-12 **Oggenddiens - Paasfees** **Plek: Panorama**

Datum: 12 April 2020 **Prediker: Ds Dawie Nieuwoudt**

Het jy al vroegoggend na die sonsopkoms gekyk? Ja, een van die wonderlikste ding om te beleef is 'n sonsopkoms na 'n donker nag! Skielik kom daar nuwe perspektief, nuwe moed, nuwe hoop ... Sò bring die opstanding van die Here Jesus Christus nuwe perspektief, nuwe moed, nuwe hoop in mense se lewe.

... 'n dosent en lid van die Kommunistiese Party praat met 'n groep studente toe oor die opstanding van Jesus. Hy lewer 'n lang toespraak met die doel om te bewys dat daar geen waarheid in die verhaal van die opstanding steek nie. Nadat hy klaar gepraat het, staan 'n priester van die Ortodokse Kerk op en vra of hy mag antwoord. Ja, sê die dosent, maar net 5 minute! Die Priester antwoord terug: "Vyf sekondes is al wat ek nodig het." Daarop draai hy na die studente toe en groet hulle met die tradisionele Paasgroete: **"Christos aneste - Christus het opgestaan!"** Hierop antwoord die studente soos een man: **"Aleth-o-s aneste – Waarlik, Hy (Christus) het opgestaan!"** *Christos Aneste ("Χριστός ἀνέστη!" - "Christ is Risen!") Alithos Anesti ("Ἀληθῶς ἀνέστη! " - "Truly He is Risen!")*

Dit is die boodskap van Opstandingsondag! Die Here Jesus Christus is opgewek uit die dood - Hy leef!

Vraag: Kan ek dit glo?

Geliefdes ... Die werklikheid van die opstanding van die Here Jesus Christus ... was voor sy dood alreeds deel van sy boodskap aan sy dissipels:

- Reeds voor sy dood was dit duidelik: Opstanding was deel van Jesus se boodskap
    - Mark 8:31-33 - Ontlok 'n hewige reaksie van die Petrus!
    - Mark 9:30-32 - Die dissipels verstaan nie, maar hulle vra nie!
    - Mark 10:32b-34 - Jesus roep sy dissipels eenkant toe en vertel hulle ...
    - Mark 10:45 - Jakobus en Johannes vra om aan Jesus se linker en regter kant te sit! Daarna sê Jesus ...
    - Joh 2:19-22 - Na die reiniging van die tempel sê Jesus aan die Fariseërs ...
    - Mark 14:27-28 - Na die instelling op pad na Getsemane: belofte van opstanding!
- Nou word verklaar Jesus is opgewek, Hy leef - die graf is leeg:
    - Mat 28:5-7 / Mark 16:5-6 / Luk 24:4-8 - Engel maak die verklaring: d.w.s. God is die oorsprong van die boodskap.

        - Julle soek Jesus die gekruisigde ... beklemtoning van Jesus se dood.

        - The term **hjgevrqh** "raised up" is a "theological passive," (3de pers.Aor. pass. indikatief) meaning the same as "God raised Jesus up."

        - Die klip voor die graf is weggerol, nie sodat Jesus kan uitkom nie, maar sodat vroue, dissipels die wêreld kan ingaan. Die engel nooi hulle om self te kyk ... hulle moet nie op hoorsê reageer nie, hulle moet self sien!

        - Bevestiging dat Jesus leef: Hy het 'n afspraak met julle, Hy het dit al voor sy dood gemaak.
- Jesus self getuig van sy opstanding – Hy verskyn / openbaar Homself aan mense ...
    - Mark 16:9 / Joh 20:11-18 – Jesus verskyn / openbaar Homself aan Maria Magdalena ...
    - Mat 28:9-10 – Jesus verskyn / openbaar Homself ook aan die ander vroue ...
    - Luk 24:13-32 – Jesus verskyn / openbaar Homself aan twee van sy volgelinge wat van Jerusalem na Emmaus toe gaan ...

Teks: Hand 4:10-12 **Oggenddiens - Paasfees** **Plek: Panorama**

Datum: 12 April 2020 **Prediker: Ds Dawie Nieuwoudt**

- Luk 24:34 – Jesus verskyn / openbaar Homself aan Petrus (Simon) ...
- Mark 16:14-20 / Luk 24:36-49 - Jesus verskyn / openbaar Homself aan die elf dissipels terwyl hulle saam eet ...
- Joh 20:19-25 - Jesus verskyn / openbaar Homself aan die dissipels, maar Thomas is nie by hulle nie ...
- Joh 20:26-31 – 8 Dae later verskyn / openbaar Homself aan die elf dissipels, hierdie keer is Thomas by hulle ...
- Joh 21:1-25 – beskryf nog 'n ander geleentheid (:14 – 3de keer), by die see van Tiberias, aan die dissipels waar hulle visvang ...
- 1 Kor 15:5-8 - Jesus verskyn / openbaar Homself aan Sefas, daarna aan die twaalf, en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe. Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. Daarna aan Paulus self (Hand 9:3-9 - Damaskuspad)
- Hand 1:4-5 – Terwyl Jesus en sy dissipels 'n keer saam geëet het, het Hy hulle beveel om nie van Jerusalem weg te gaan voordat hulle met die Heilige Gees gedoop is nie.
- Hand 1:6-8 – Toe Jesus en sy dissipels weer bymekaar was, het hulle Hom gevra: " Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig?" Julle sal vervul word met die Heilige Gees en My getuies wees.
- Hand 1:3 - Ná sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die loop van <u>veertig dae</u> het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat.

- Die opstanding van Jesus Christus is deel van die kern van die Bybelse Boodskap van Hoop en Bevryding ...
  - Hand 2:22-36 – Na die hemelvaart van die Here Jesus Christus, en die uitstorting van die Heilige Gees, verklaar Petrus: " ... God het Hom van die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat opstaan. Dit was immers vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou." (:24)
  - 1 Kor 15:12-15a - Die opstanding van Jesus Christus is die hart van die evangelie ...

Die antwoord op die vraag - Kan ek glo dat die opstanding werklik plaasgevind het?, is dus o.g.v. Skrif baie duidelik: Ja, en nogmaals JA! Ek kan dit glo ... Jesus IS opgewek, Hy HET opgestaan uit die dood, Hy LEEF ... Ons leef in die teenwoordigheid van die opgewekte en lewende Christus.

Glo jy dat Christus uit die dood opgewek is?

Vraag: Wat beteken dit vir my / jou vandag op 12 April 2020?

- **Vrygespreek - Sonder verdienste, uit genade, vanweë die verlossing in Jesus Christus ...**
  - Rom 3:24-26 - vanweë die verlossing deur Jesus Christus. Hom het God gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir dié wat glo.
- **Vryspraak deur in Jesus Christus te glo ...**
  - Rom 3:21-22 - Sonder onderskeid word almal wat in Christus glo, vrygespreek...

Teks: Hand 4:10-12 **Oggenddiens - Paasfees** **Plek: Panorama**

Datum: 12 April 2020 **Prediker: Ds Dawie Nieuwoudt**

- **Ek is nou onder nuwe bestuur ...**
    - Kol 1:13-14 – Los geruk uit die mag van die duisternis – onder heerskappy van Christus geplaas – deur Hom verlossing en vergifnis van sonde verkry.
    - Kol 2:11-15 – Geestelike misterie: deur Christus besny – wegneem van die sondige natuur van die mens – saam met Christus begrawe en saam met Hom opgewek – deur geloof in Hom vergewe omdat die skuldbewys en al die eise teen ons tot niet gemaak is deur dit aan die kruis te spyker.
    - Kol 3:10 ... leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God.
- **Oproep om in 'n intieme verhouding met Jesus Christus te leef ...**
    - Kol 2:6-7 - Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul.
- **Uitnodiging om met vrymoedigheid tot God te nader ...**
    - Hebr 4:16 - Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.